



Wenke vir aanlyn kommunikasie (Netiket)

Die term 'netiket' is 'n kombinasie van die woorde 'net' (van 'internet') en 'etiket'. Netiket behels dat 'n mens die standpunte van alle aanlyn gebruikers respekteer en hoflik is wanneer jy jou eie sienings op enige aanlyn gespreksgroepe plaas. Netiket help om doeltreffende en beleefde aanlyn kommunikasie te bewerkstellig.

Netiket-wenke:

1. Wees hoflik en beleefd
2. Deel jou eie (toepaslike) ervarings
3. Bou voort op besprekings
4. Antwoord as jy sinvolle inligting kan deel
5. Tik volsinne en gebruik duidelike taal
6. Wees inklusief
7. Hou die gesprekston hoflik en lig

Hieronder is 'n infografiek met meer inligting oor netiket.

